SAKE 24 (Rapport)
27 May 2012, p.12

GESAMENTLIKE TESTAMENT

# Laaste testament is die een wat geld



**RAAD MET JOU RANDE**

NICO VAN GIJSEN

'n Leser wil weet oor gesamentlike testamente.

"Ek en my man het 'n gesamentlike testament opgestel, maar nou het ek uitgevind dat hy daarna 'n ander testament opgestel het. Wat sê die wet oor as ek eerste sou sterf? Sterf ek dan sonder testament, of is die bepalings van ons gesamentlike testament dan nog op my van toepassing?"

Ons kyk kortliks na 'n paar regsbeginsels wat ter sake is – eers die kwessie van gesamentlike testamente. Ek weet daar loop baie stories en gelofies en emosies rond oor gesamentlike testamente. Die koue waarheid is dat 'n gesamentlike testament niks anders is nie as twee testamente wat in een dokument saamgevat is. Dit is regtig so eenvoudig soos dit.

Die tweede kwessie handel oor die reg van elke persoon om sy bates te bemaak soos hy wil. Hierdie reg, genoem testeervryheid, is baie wyd gestel. Die enigste beperkings daarop is dat dit nie onwettig of teen die openbare beleid mag wees nie. Laasgenoemde rus op regspraak eerder as wetgewing.

Die derde kwessie handel oor die onderlinge "ooreenkoms" tussen mense oor hoe bates in 'n gesamentlike testament bemaak gaan word. (Enige twee mense kan 'n gesamentlike testament opstel, dit hoef nie man en vrou te wees nie.)

Kortom: Dit is onwettig om 'n ooreenkoms aan te gaan wat 'n ander se testeervryheid beperk. Maar is dit dan nie presies wat gebeur wanneer twee mense 'n gesamentlike testament opstel nie? Hulle kom tog ooreen om bates op 'n sekere manier te bemaak.

Dit bring my terug by my eerste punt. 'n Gesamentlike testament is niks anders nie as twee testamente in een dokument. Elke party het steeds die vryheid gehad, en behou hierdie reg selfs nadat die gesamentlike testament opgestel is, om sy of haar bates na goeddunke te bemaak. Anders gestel: Die gesamentlike testament het geen bindingskrag nie. Niks.

Dit is in dié geval dus heeltemal binne die man se reg om later 'n ander testament op te stel, net soos wat dit jou reg is om 'n ander testament te op te stel.

Geen ooreenkoms, buiten 'n huweliksvoorwaardekontrak in sekere gevalle, kan hierop inbreuk maak nie. Jou laaste testament, solank dit aan die vereistes van die Wet op Testamente (Wet 7 van 1953) voldoen, is die geldige een.

Wat as die vrou eerste sou sterf? Nee, sy sal nie dan sonder

Die koue waarheid is dat 'n gesamentlike testament niks anders is nie as twee testamente wat in een dokument saamgevat is.

testament sterf nie. Haar laaste testament is geldig, en as dit steeds die gesamentlike testament is, sal haar bates vererf soos wat sy en haar man daarin "ooreengekom" het.

As hy eerste sou sterf, sal sy laaste testament geldig wees en sal enige bemakings wat in die gesamentlike testament tussen hulle "ooreengekom" is, van geen waarde wees nie.

Die vrou sit ongelukkig in 'n penarie waarvoor ek nie 'n antwoord het nie. Dit klink vir my hulle sit met 'n vertrouensbreuk waarvoor ander raad nodig gaan wees.

Maar koud en klinies, vanuit 'n boedelbeplanningsoogpunt gesien: Ja, dit is die man se goeie reg. Net soos wat dit die vrou se reg is. En as sy seker van haar saak is, is dít wat ek voorstel: Gebruik daardie reg.

▸ *Nico van Gijsen CFP® is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.*